GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY

A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS

'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

LEITH HUIS

- Die blyplek van legendes

Welkom by Leith-huis in 2024! Huis Thomas Leith staan algemeen bekend as Leith-huis. Dit is vir ons 'n voorreg om elke seun en ouer hier te verwelkom en te ontvang. Ons wense is dat u 'n geseënde jaar sal beleef, dat ons saam sal groei en dat u seun hier geborge sal voel.

Leith-huis verskil heelwat van die ander koshuise. Hier huisves ons sowat 106 graad 11- en 12-leerders in harmonie. Ons streef daarna om die leerders gedurende hierdie tyd voor te berei op die grootmenslewe. Ouers word versoek om hul samewerking te gee en hul seuns toe te laat om meer onafhanklike besluite te neem, asook verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Leith-huis is 'n baie spesiale plek en slegs met die uitsondering van die eerste skooldag, word geen ander persone in die koshuis toegelaat nie.

Aankoms en program vir 16 Januarie 2024

09:00–12:00:	Verpligte aanmeldingstyd vir seuns in die voorportaal van Leith-huis
12:00:	Verpligte vergadering vir ouers met die huisvader en matrone in die Lapa
20:30:	Appèl

Belangrike inligting vir 16 Januarie 2024

Hier volg 'n lys van alles wat op die eerste dag, met aankoms by Leith-huis, gereed moet wees:

1. Die inhandiging van die volgende vier vorms, naamlik BEWYS VAN BETALING van koshuisgelde (kyk onder ***FINANSIES***), STRAFVORM (onderteken deur beide seun en ouer/voog), die nuwe MEDIESE VORM (ongeag of u aan 'n mediese fonds behoort of nie; **volledig ingevul** met 'n nuwe foto van die leerder aangeheg) en 'n TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSVORM VIR VERVOER van die leerder, met sy naam en besonderhede.
2. 'n Medisynetassie (kyk onder ***Mediese benodigdhede***) met noodmedikasie, pleisters en verbande. Dit is verpligtend. **LET WEL: Die matrone mag onder geen omstandighede medikasie uitgee nie!** Sorg ook asseblief vir GENOEG verbande, pleisters en 'n weggooibare skeermes (om die gebied om die wonde skoon te skeer) vir moontlike sportbeserings. Die matrone het nie ekstra voorraad beskikbaar nie en elke leerder is op sy eie voorraad aangewese.
3. Alle teksboeke en skryfbehoeftes soos benodig vir skool.
4. Alle skoolklere (gemerk).
5. 'n Apteekrekening (verkieslik MediBloem Apteek, Tel: 051-444 2311). Die apteekrekening is nie verpligtend nie, maar word aanbeveel omdat dit sake vergemaklik wanneer siekte of nood ter sprake is. **Indien enige ander apteek verkies word, moet die aflewering van medikasie self gereël word.** Net so, word die gebruik van die dokter op die terrein aanbeveel omdat dit praktiese reëlings vergemaklik en die leerder vinniger en meer doeltreffend gehelp kan word. Indien u 'n ander dokter verkies, moet vervoer verkieslik self gereël word.
6. Beddegoed, gordyne (opsioneel) en badkamerbenodigdhede (kyk onder ***KAMERS***).
7. Eetgerei, skottelgoedseep, lappies en afdroogdoeke (kyk onder ***YSKASTE EN KOMBUISE***)

Hier volg 'n lys van inligting waarmee u vertroud moet wees op die eerste dag (die inligting is beskikbaar op Grey Kollege-webblad by www.greycollegesecondary.com/leith-house-leith-huis/):

1. Die skool begin WOENSDAG 17 JANUARIE 2024 om 07:30;
2. Die aangepaste koshuisreëls;
3. Die reëls rondom die besit en bestuur van voertuie op die Grey- kampus;
4. Lys van personeellede en hul diensdae;
5. Rotasies van matrones (elke derde naweek aan diens); en
6. "Kamers van Leith-huis" (Kyk webblad)

Koshuispersoneel

Huisvader: Mnr. Juan (Bobby) van den Berg, Sel: 083 406 9424, E-pos: leith@gc.co.za

Assistent huisvader: Mnr. Marcel Cronjé, Sel: 084 233 3033

Matrone: Mev. Nina van den Berg, Sel: 083 362 1639, E-pos: nvdberg@gc.co.za

Inwonende personeellid (*Boardwell*): Mnr. Marnus van Wyk, Sel: 076 187 2115

Inwonende personeellid: Mnr. Herman Naudé, Sel: 076 941 5360

Inwonende personeellid: Mnr. Martin J. van Rensburg, Sel: 079 042 9955

Huishoudelike personeel: Me. Lettie Phantsi en me. Jeanette Mosebi

Aflewering van pakkies aan koshuisleerders

Wat die aflewering van pakkies aan leerders betref, die volgende:

1. Ouers/voogde kan Maandae tot Donderdae (08:00-15:00) en op Vrydae (08:00-14:00) pakkies by die voordeur aflewer. (Ons versoek u riendelik om asseblief geduldig te wees nadat u die klokkie gelui het aangesien die personeel soms, ver weg van die voordeur, in die koshuis besig is om kamers skoon te maak.)
2. Reël asseblief vooraf met u seun, maar indien hy nie beskikbaar is nie, kan u die pakkie in die voorportaal aflewer deur dit óf by die matrone self óf by een van die huishoudelike dames/koshuis-werkers in te handig.

Let wel: GEEN ouer/voog word toegelaat om verder as die voorportaal te beweeg nie, m.a.w. GEEN toegang tot die res van die koshuis nie, om konsekwentheid t.o.v. die privaatheid van die seuns te behou. .

MEDIES – Brief van die matrone

Liewe ouers/voogde

Dit is vir my 'n voorreg om u kind se koshuismamma te kan wees. Ek hoop en vertrou dat u die vrymoedigheid sal neem om enige bekommernisse, probleme, gedagtes (hoe gering ook al, of partykeer dink u dit is dalk dom) met my sal bespreek. Ek versoek ouers om my asseblief in kennis te stel indien u kind 'n besering opgedoen het, as is hy reeds daarvoor behandel. Indien u seun siek klink wanneer u met hom praat, lig my ook daarvan in asseblief. Ek is ook 'n mamma en ek verstaan mammas se harte. Ons as koshuisouers het self ook twee pragtige kinders van ons eie, Victor (graad 12) en Juanique (graad 8).

Ek is 'n opgeleide mediese suster en het vir tien jaar lank in die Kardiologie ICU by Medikliniek gewerk. Dit is my passie om "harte aan te raak" en dus verpleeg ek nie net die "siek deel" van u seun nie, maar wil ek ook graag sy hart aanraak. Ek was voorheen vir ses jaar lank die huismoeder by Murray-huis en is tans reeds ses jaar lank by Leith-huis betrokke. Daarbenewens tree ek as skoolsuster op.

Ek assisteer met mediese praktyke soos die toedien van inspuitings, wondbehandeling en die verwydering van steke en hakies, selfs indien u as ouers ook so 'n behoefte het. Indien geen mediese voorraad soos verbande, ontsmetmiddels of medikasie hoef aangekoop te word nie, doen ek dit met liefde gratis.

Ek vra dan ook altyd of u as ouers/voogde vir my 'n hart, met jul seun se naam daarop, saam sal bring. Ek hang dit in my voorportaal op en maak dit deel van my hartprojek.

Groete

Nina van den Berg

Dokters

Graad 11 en 12 is van die belangrikste skooljare in u kind se skoolloopbaan. U seun behoort teen hierdie tyd reeds in die koshuis- en skoolopset aangepas te wees. Leith-huis plaas baie klem op akademie en skoolbywoning is uiters belangrik omdat u seun baie werk kan mis indien hy afwesig sou wees.

1. Siektes/ongesteldhede moet soggens tussen 06:00-06:30 by die matrone aangemeld word. Indien nodig, sal sy dan die doktersafspraak maak, nadat ouertoestemming ontvang is.
2. Ons verkies om van dr. Richard Swanepoel se dienste gebruik te maak.
   Hy konsulteer siek leerders en personeel in Leith-huis se behandelingskamer.
3. Indien dr. Swanepoel nie beskikbaar is nie, maak ons van drs. Leon Marx en Lourie Henn (Mimosa Mall) se dienste gebruik.

Apteke

medi-bloem PHARMACY

Ons moedig u vriendelik aan om 'n rekening by Medi-Bloem Apteek oop te maak. Hulle is naby Grey Kollege in die Bloemfontein Mediclinic geleë. Hulle verskaf 'n wye reeks gesondheidsorgprodukte en medisyne. Medi-Bloem lewer gratis af en is daagliks oop van 07:00 – 21:00.

Oor die jare het ons 'n verhouding opgebou wat bestaan uit vertroue, lojaliteit en baie goeie kommunikasie. Ons ken die span ook persoonlik.

Kontak asseblief vir Andre en sy span vir u behoeftes by:

Voorskrifte: rx@medibloem.co.za

Navrae: Whatsapp: 060-573 9306 of Tel: 051-444 2311

Rekeninge: accounts@medibloem.co.za

Vervoer tydens siekte en/of mediese afsprake

Elke matrone het daagliks ongeveer 126 seuns onder haar toesig. Bo en behalwe haar daaglikse administratiewe pligte, is sy ook verantwoordelik vir die vervoer van koshuisseuns na verskeie mediese afsprake.

Indien u reeds van iemand se dienste gebruik maak om u seun rond te ry vir ander afsprake, versoek ons u dus vriendelik om ook van hierdie persoon se dienste gebruik te maak vir die vervoer na en van u seun se mediese afsprake.

Indien u seun 'n fisioterapeut of ander 'n spesialis moet besoek, versoek ons u vriendelik om hierdie afsprake reeds vroeg op 'n Maandagoggend te skeduleer. In so 'n geval sal ons dit waardeer dat u dan self u seun na hierdie afsprake sal vervoer, indien enigsins moontlik. Let daarop dat matrones seuns slegs binne 'n radius van 2km vervoer.

Siek leerders

1. Indien u seun by die huis siek raak en tuis bly, moet u asseblief dadelik die matrone in kennis stel, waarná sy die huisvader en betrokke personeel sal verwittig. U moet ook self die skool hiervan in kennis stel. **Moet asseblief NIE 'n siek leerder koshuis toe stuur nie - behandel hulle tuis!**
2. Indien u seun by die koshuis siek word, sal die matrone die nodige reëlings tref vir 'n afspraak by die dokter, medikasie by die apteek bestel en ook toesien dat u seun weet hoe om dit te neem.
   Die matrone verkry egter eers toestemming by 'n ouer.
   *Vul asseblief die mediese vorm volledig in en merk die apteek van u keuse duidelik.

'n Leerder word slegs toegelaat om tydens skoolure in die koshuis te wees, indien hy in besit is van 'n geldige doktersbrief. Siek leerders word streng gemonitor. Hulle is verplig om die matrone na elke ete te besoek sodat sy hul vordering kan noteer en, indien nodig, aanpassing(s) in hul behandeling kan aanbring.

Die leerders is nou jong manne. Ons versoek dat u hulle sal aanmoedig om self na die matrone of meneer aan diens te gaan indien hulle siek voel, of dalk 'n probleem ondervind, en dit dus nie vir u nodig sal wees om die matrone direk te kontak nie.

Indien u seun nie die vrymoedigheid het om sy siektoestand by die matrone of by die meneer aan diens aan te meld nie, moet u as ouer my asseblief persoonlik kontak.

(Kyk asseblief na die nuwe VERVOERBELEID en maak seker jou seun het 'n volledige medisynetassie. 'n Medisynetassie, volgens jou seun se behoeftes, is ook beskikbaar by MediBloem Apteek. Kontak hulle gerus by 051-444 2311 of stuur 'n *WhatsApp* na 060 573 9306.)

Mediese benodigdhede

Soos reeds genoem, is 'n medisynetassie verpligtend. Wat die medisynetassie of -houer betref, stel ons voor dat u u eie diskresie gebruik. Afgesien van u seun se kroniese medikasie, beveel ons aan dat u ook die volgende voorkomende medikasie (of soortgelyk) insluit:

1. Immuniteitsaanvulling, bv. *Vita-Thion* of *Berocca*
2. Pyn en koors, bv. *Panado/Mypaid Forte/Ibugesic Plus*
3. Allergieë, bv. *Celestamine/Allercet/Allegex* (nie-lomerige tipe)
4. Sinus, bv. *Sinumax* of *Advil CS* of *ACC200* of *Mucospect* of *lliadin-* neussproei
5. Naarheid, bv. *Valoid/MotiliumContromet/Clopamon*
6. Diarree, bv. *Smecta/Tasectan*/Diacline (Let wel: geen *Imodium*!)
7. Krampe, bv. *Scopex/Buscopan/Bevispan en Rehidrate (geen Grape!)*
8. Seerkeel, bv. *Strepsils* of *Anodolex C*
9. Spiere, bv. *Voltaren Gel* of *Transact* of *Rehydrate*
10. Antibiotiese salf, bv. *Melcura* se *Honey Plus* (Belangrik!).
11. Slym losmaak, bv. ACC 200 of Amuco
12. Hoesstroop
13. Skoonmaak van wonde, bv. *Saline* asook gaas, verbande en pleisters (twee boksies verskillende grootte pleisters), en 'n weggooibare skeermes. (Sorg asseblief vir GENOEG voorraad verbande en pleisters, veral vir sportbeserings.)

- Seun moet sy mediese tassie in sy kas toesluit en dit ook saam neem op toer.
- Dit is baie belangrik dat u seun weet dat hy NIE medikasie kan gebruik wat hy sommer by 'n vriend kry nie.
- Hy moet ook altyd oplet na die medikasie se vervaldatum.
- Seuns mag NOOIT aanneem dat hy homself kan behandel nie. Hy moet of met sy ma of die matrone praat voordat hy enige selfmedikasie mag gebruik.

- Indien u seun byvoorbeeld 'n hoofpyn het en nie medikasie het nie, sal die matrone u skakel om te reël vir die medikasie.
- Geen groot hoeveelheid medikasie nie. Vervang eerder sy medikasie op 'n maandelikse basis.

VERLOF

Boardwell

Alle aansoeke vir verlof word op die *Boardwell*-toepassing gedoen. Laai hierdie toepassing so spoedig moontlik af vir registrasiedoeleindes. Indien ouers/voogde enige probleme met die aflaai of gebruik van die toepassing ondervind, kontak asseblief vir mnr. Marnus van Wyk (Sel: 076 187 2115).

Alle verlof is 'n voorreg en nie 'n reg nie! Goeie gedrag sal verseker dat verlof benut kan word.

Naweekverlof

Alle aansoeke vir naweekverlof sluit stiptelik om **18:00 op 'n Woensdag**. GEEN laat aansoeke sal aanvaar word nie. SLEGS die huisvader mag verlof toeken om uit te slaap. Maak 'n nota hiervan of stel 'n "reminder" op u selfoon, sodat u nie vergeet om betyds aansoek te doen nie.

Stadsverlof / Dag-uit / Afsprake

1. Daar word van ouers/voogde verwag om die *Boardwell*-toepassing te gebruik vir alle gevalle wanneer u seun die skoolgronde moet verlaat – spesifiek as u seun nie 'n aand uitslaap nie. Dit gebeur egter dat daar op kort kennisgewing opgetree moet word en in só 'n geval mag die personeellid aan diens wel toestemming gee.

Voorbeelde van gevalle is as volg:

Dag-uit (oor 'n naweek)	Saterdag/Sondag (08:00–21:00)	Verlof op Boardwell
Stadsverlof (weeksmiddag)	Maandag–Vrydag (14:15–17:00)	Verlof by personeellid
Quickshop	Maandag–Vrydag (14:15–17:00)	Verlof by personeellid
Stadsverlof (oor 'n naweek)	Saterdag/Sondag (18:00–22:30)	Verlof by huisvader
Ekstraklasse (weeksmiddag)	Maandag–Donderdag (voor 20:00)	Verlof by skool
Mediese afsprake	Soos nodig	Matrone sal vergesel

2. Ouers/Voogde word versoek om die matrone MINSTENS 'N DAG VOOR DIE TYD in kennis te stel wanneer u 'n mediese afspraak vir u seun gemaak het.
3. Alternatiewelik, kan ouers toestemming vra deur 'n e-pos na leith@gc.co.za te stuur.

Ekstraklasse

Leerders moet amptelike verlof by die skool verkry indien hulle ekstra akademiese klasse buite die skoolterrein wil bywoon. Me. Elsie Geeringh (ontvangsdame by Grey Kollege) reik 'n vorm uit wat die besonderhede (dag, tyd, plek, volwassene verantwoordelik) van elke les vereis. Die vorm word deur die opvoeder, asook die huisvader onderteken. Leerders bly in besit van hierdie vorm om sodoende toegang by sekuriteitspersoneel te verkry.

KAMERS

1. Daar is gordyne in die kamers, maar die leerders mag hul eie gordyne bring. Aangesien die leerders 'n kamer deel, versoek ons dat ouers/voogde asseblief met mekaar sal kommunikeer rondom die gordyne. Die mates van die venster is as volg:

   Hoogte: 1,30 m (van bo tot by vensterbank)
   2,14 m (van bo tot op die grond)

   Breedte: 1,60 m (gordynreling)

   Die relings is slegs geskik vir gewone hakies en spoortjies waarmee gordyne oop- en toegetrek word. U moet asseblief ook self genoeg hakies en spoortjies voorsien vir die gordyne.
2. Geen beddegoed word deur die koshuis voorsien nie. Leerders moet hul eie beddegoed (enkelbedgrootte) bring, naamlik 'n **matrasoortreksel** (verpligtend!), paslaken, "duvet inner" met oortreksel, kussing, kussingsloop, kombers, ensovoorts.
3. Die koshuis voorsien matrasse, maar leerders is welkom om ook hul eie matras van dieselfde grootte te bring indien hulle dit sou verkies.
4. Die leerders moet hul eie badkamerbenodigdhede, toiletpapier en handdoeke ingesluit, bring. Onthou ook klein studeerlampie en 'n matjie.

NETHEID BY LEERDERS

1. Seuns moet altyd netjies geklee wees volgens Grey Kollege se voorskrifte. GEEN skoolhemde met kortmoue word toegelaat nie.
2. Alle klere en skoene moet duidelik gemerk wees.
3. **Baarde en snorre moet te alle tye geskeer wees – geen stoppelbaarde word toegelaat nie.**
4. Seuns moet sorg dat hulle altyd genoeg skeergoed het.

YSKASTE EN KOMBUISE

Leith-huis spog met ‘n netjiese kombuis op elke vloer. Seuns wat tot laat studeer, kan vir hulle hier iets maak om te eet en te drink. Kombuise moet wel ná gebruik opgeruim word en alle skottelgoed moet gewas wees. Vuil braaipanne, eetgerei, ensovoorts sal gekonfiskeer word en kan deur die skuldige eienaar teruggekoop word by die koshuis.

SLEGS prefekte mag kroegyskaste in hul kamers hê teen ‘n fooi van R500 per jaar. (Daar sal wel op meriete voorsiening gemaak word vir ‘n beperkte aantal (vyf) kroegyskassies in die **kombuis** op elke vloer. **Ouers/voogde word versoek om teen 6 Januarie 2024 skriftelik hiervoor aansoek te doen by nvdberg@gc.co.za.** Graad 12-leerders kry egter voorkeur om eerste aansoek te doen. **BELANGRIK: Yskaste moet met ‘n slot toegerus wees om sodoende die inhoud te beveilig.**

Weens die hoë koste van elektrisiteit sal ‘n bedrag van R1 000 (R100 x 10 maande) per yskassie per jaar gehef word, wat vooraf betaalbaar is. Die bewys van betaling hiervoor moet op 16 Januarie 2024 by die matrone ingehandig word. Die bankbesonderhede is:

NEDBANK Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer: 112 920 6815
Verwysing: Leith Ontspan + seun se naam

Leerders moet hul eie eetgerei, skottelgoedseep, lappies en afdroogdoeke bring en alle items moet asseblief duidelik gemerk wees. Hierdie eetgerei word ook gebruik wanneer die seuns ‘n ete (moet) mis en die kombuis gevra word om vir hulle kos uit te skep. Die kombuis voorsien GEEN wegneembakkies nie.

Die Leith-ontspanfonds word aangewend om geriewe by die koshuis op te gradeer en aan te koop. Daar is byvoorbeeld onlangs ‘n groot platskerm TV in die Appèlsaal aangebring wat die rugbywêreldbeker net soveel meer opwindend gemaak het.

ORIËNTERING

Beginsels

Die volgende beginsels (volgens die 2019-riglyne soos aanvaar deur die koshuiskomitee) sal van toepassing wees:

1. "Al die koshuise is onderworpe aan 'n indringende proses van selfondersoek en evaluering van bestaande koshuistradisies en koshuiskultuur."
2. Elke huisvader, saam met sy personeel, word hieraan onderwerp.
   Hulle moet bepaal wat hulle wil behou, wat hulle nie wil behou nie, asook dit wat oor 'n tydperk uitfaseer moet word. Dit sal goed wees indien hulle ook die koshuisleerders kan betrek, sodat die inkoop en aanvaarding van verandering "sagter" sal wees.

Wetlike aspekte

1. *Regte*
   Demokratiese waardes van vryheid, gelykheid en menswaardigheid moet gerespekteer en bevorder word. Geen persoon mag onderwerp word aan die misbruik van mag nie.
2. *Gelykheid*
   Almal is gelyk voor die reg en onbillike diskriminasie kan nie geduld word nie. Almal het die reg op gelyke beskerming en die volgende kan in ag geneem word:
   - Ras
   - Geslag
   - Etniese oorsprong
   - Kleur
   - Seksuele oriëntasie
   - Kultuur
   - Ouderdom
   - Taal
   - Geloof
   - Gestremdheid

3. *Menswaardigheid*

   Elke persoon se waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.

4. *Vryheid en sekerheid*

   Niemand mag aan enige vorm van geweld onderwerp word nie. Geen geskreeu indien dit op 'n gemene, afbrekende en onmenslike manier geskied nie.

5. *Slawerny, knegskap en dwangarbeid*

   Niemand mag hieraan onderwerp word nie.

6. *Privaatheid*

   Geen deursoeking, beslaglegging op persoonlike besittings, vrye toegang tot kamers en die verbod op kommunikasie met ouers/voogde mag toegelaat word nie. Indien deursoeking wel genoodsaak word, het SLEGS koshuispersoneel (geen leerders of prefekte) die magtiging om kamers te deursoek vir byvoorbeeld "vapes", tabak, ensovoorts.

7. *Vryheid van godsdiens, oortuigings en mening*

   Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening. Godsdiensgeleenthede en koshuisaksies kan op 'n vrywillige basis bygewoon word.

8. *Taal en kultuur*

   Niemand mag verbied word om in sy taal te kommunikeer nie en ook nie verbied/verplig word om aan kulturele aktiwiteite deel te neem nie.

Gepaard met bogenoemde, moet 'n verwelkomingsprogram opgestel word. Spesifieke "aksies" moet aangestip word.

DISSIPLINE

Skool se dissiplinêre kode as fondasie

Grey Kollege se gedragskode dien as die basis van alle koshuisreëls. Die koshuisreëls is 'n uitbreiding van die skoolreëls. Volg gerus die volgende skakel: https://greycollegesecondary.com/discipline/

Koshuisreëls en sanksies

1. Seuns sal nooit sonder goeie rede gestraf word nie. Afhangende van die tipe oortreding, sal seuns se selfone gekonfiskeer word of hulle sal met "in-naweke" gestraf word.
2. Ons aanslag is gebaseer op waardes soos "Grey gentlemen do not need rules" en "Waardeer en daar is meer". Die "Abuse and you loose"-vorm is vir meer as 30 jaar reeds 'n uiters belangrike deel van Leith-huis. Mag hierdie tradisies ook in 2024 deur die leerders en hul ouers gerespekteer word.
3. Wat alkohol en dwelms betref, handhaaf alle koshuise op die Grey-kampus 'n beleid van *ZERO TOLERANCE*. Indien u seun aan dwelmgebruik of die besit van dwelms skuldig bevind word, moet hy dadelik die koshuis verlaat.
4. Die gebruik van sigarette, e-sigarette ("vapes"), "hubbly bubblies" is ook streng VERBODE.
5. GEEN GEBOELIERY, fisies of emosioneel, word by Grey Kollege toegelaat nie. Daar sal baie streng opgetree word teenoor hierdie boelies!

OORTREDING: KATEGORIE 1			SANKSIES
1.1	Ligte aan na ligte-uit Musiek te hard in kamers Skoene vuil by ontbyt Nie geskeer by ontbyt Speel en lawaai in gange Kamerdeur toe tydens studie Rondloop na ligteuit Gesels tydens studie	Vloek/swak taalgebruik Nie op plek tydens studie Balspeel in koshuis Laat opstaan Laat vir studie Gebruik selfoon tydens studie Selfoon nie in kas tydens studie Appèl mis sonder toestemming	**Selfoon word gekonfiskeer vir 48 uur**
1.2	Kamer slordig Etes mis sonder toestemming Verkeerde kleredrag met etes by koshuis Nie uitgeteken nie		**1 x Gemeenskapsdiens**
1.3	Gebruik van selfoon tydens studietyd of selfs net aangeskakel, sonder toestemming van die personeellid aan diens Handig 'n verkeerde selfoon in		**Selfoon word gekonfiskeer vir 96 uur**
1.4	Onwettige gebruik van elektroniese toerusting		**R50 boete + item word gekonfiskeer tot aan die einde van die betrokke kwartaal**
1.5	Sonder toestemming in 'n ander koshuis wees Stadseuns/vriende in koshuis toelaat		**2 x Naweke inbly**
1.6	Misbruik van voertuig op koshuis- en skoolterrein		**Verbeur voertuigsleutels en die gebruik daarvan vir 2 weke**

OORTREDING: KATEGORIE 2		SANKSIES
2.1	Disrespek en/of die uitdaag van gesagsfigure	**2 x Naweke inbly** **2 x Kortgang**
2.2	Drink / in die besit / onder die invloed van alkohol wees in die koshuis of op enige deel van die skoolterrein, terwyl onder die jurisdiksie van die koshuis. *(Sien Grey Gedragskode)*	**Word ondersoek en indien seun skuldig bevind word, die verbeuring van die reg op verblyf in koshuise en/of strafregtelike vervolging.**
2.3	Boeliery – fisies, verbaal en kuberafknouery *(Sien Grey Gedragskode)*	**3 x Naweke inbly** **4 x Detensiesessies**
2.4	Bakleiery / Intimidasie / Opsetlike besering van ander *(Sien Grey Gedragskode)*	**1 x Naweek inbly** **3 x Gemeenskapsdiens**
2.5	Sonder toestemming buite die koshuis wees ("uitslip"), maar steeds op die skoolterrein bly	**1 x Naweek inbly** **4 x Kortgang**
2.6	Sonder toestemming buite die koshuis wees ("uitslip"), en die skoolterrein verlaat	**1 x Naweek inbly** **4 x Kortgang**
2.7	Vandalisme in koshuise of op enige ander plek op die skoolterrein	**Betaal vir die herstel van skade** **4 x Kortgang**
2.8	Diefstal of ongemagtigde leen van enige items van ander koshuisinwoners	**Word ondersoek en indien seun skuldig bevind word, die verbeuring van die reg op verblyf in koshuise en/of strafregtelike vervolging.**
2.9	In besit wees en/of gebruik van gevaarlike wapens/vuurwapens	**1 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.10	In besit wees van onsedelike materiaal, pornografie op selfoon, ens.	**2 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.11	Oriëntering / Inlywing	**3 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**
2.12	Enige tabakprodukte, "hubbly bubblies" en e-sigarette ("vapes") in die koshuis of enige	**3 x Naweek inbly** **4 x Gemeenskapsdiens**

	ander area van die skoolterrein – besit, saambring, aflewer of rook, terwyl seun nog onder die koshuis se jurisdiksie is	

Grey Kollege dwelm- en gevaarlike wapenbeleid

Volg gerus die volgende skakel t.o.v. die gebruik van dwelms: https://greycollegesecondary.com/drugs-dangerous-weapons-protocol-procedure/

"Google Family Link"

Van die koshuis se kant af wil ons graag u aandag vestig op die *Family Link*-toepassing wat u van enige *App Store* kan aflaai. Dit stel u in staat om uself met die digitale reëls te vereenselwig en te help om u seun sodoende te monitor met wanneer hy die internet besoek, asook met die tyd wat hy op sy selfoon spandeer. Dit sal u seun dan lei om 'n gesonde balans te handhaaf ten opsigte van die gebruik van sy selfoon. *Family Link* gee u toegang tot die volgende:

Tyd op foon spandeer;
Ligging van foon;
Toegang tot webtuistes;
Blok van foon tydens studietyd of na ligte-uit.

FINANSIES

Koshuisgelde

1. Koshuisgelde is vooruit betaalbaar en u moet die bewys van betaling vir die eerste kwartaal nie later nie as 16 JANUARIE 2024 aan die huisvader verskaf.
2. Die laaste betaling moet aan die einde van die 3de kwartaal gemaak word, ONGEAG of u seun tydens die eindeksamen in die koshuis woonagtig is, of nie.
3. Grey Kollege het verskeie sub-rekeninge en u moet asseblief seker maak dat u die geld in die korrekte rekening deponeer en ook die korrekte verwysing gebruik.
4. Indien u enige finansiële navrae het, kontak gerus me. Chantelle Gordon by die finansieskantoor (051 444 1724 of fees@gc.co.za).

5. Grey Kollege Finansies beskik oor 'n kaartfasiliteit, waar leerders hul bankkaarte kan gebruik om vir bv. toere en verskeie soorte sportklere (soos fietsrybroeke en waterpolo-swembroeke) te betaal.

Koshuis Finansiële Bepalings vanaf Finansieskantoor:

Neem asseblief kennis van die finansiële bepalings wat gepaardgaan met die koshuis se akkommodasie om 'n effektiewe verloop van administrasie te verseker. Hierdie bepalings het betrekking tot gelyke kwartaallikse betalings vir die eerste drie kwartale van die jaar. Kwartaallikse betalings moet gemaak word voor of op die dag van toegang tot die koshuis. Indien daar enige agterstallige koshuisrekeninge is, sal u kind toegang tot die koshuis geweier word totdat die volle rekening opbetaald is. Bestuur kan ook verdere regstappe volg om agterstallige fooie in te vorder en u seun kan sy plek in die koshuis verbeur, afhangend van hoe groot die agterstallige bedrag is.

Koshuisstate vir die verskeie koshuise sal eenkeer 'n kwartaal gestuur word. Indien u 'n staat benodig, kan u dit aanvra by fees@gc.co.za. Geen betalingsreëlings word op koshuisbetalings aanvaar nie. Kwartaallikse betalings moet opbetaald wees voor u seun toegang tot die koshuis sal verkry.

- **Reg van toegang tot die koshuis word voorbehou.** Let asseblief daarop dat indien enige **skoolgelde** agterstallig of uitstaande is, die skool die reg voorbehou om u seun toegang tot die koshuis te weier. Skriftelike kennis sal aan die ouers gestuur word dat hulle seun sy plek in die koshuis sal verbeur indien hulle skoolgelde nie in ooreenstemming met die betalingsbepalings van die skoolgelde opbetaald is nie.

KOSHUIS KENNIS: Een volledige kwartaal kennis is van toepassing op alle koshuise. U sal verantwoordelik gehou word vir die betaling van 'n kwartaal kennis sou u seun die koshuis verlaat. **Graad 12 koshuisleerders** is ook daarvoor verantwoordelik om die derde betaling van koshuisgelde ten volle te betaal, ongeag of daar aan die begin van die derde kwartaal kennis gegee word om die koshuis te verlaat. Kennisgewing moet skriftelik gegee word aan die koshuisvader asook aan die finansiële kantoor – Vir aandag: Chantelle Gordon – fees@gc.co.za

Koshuisgelde

Betalings van koshuisfooie moet direk in die KOSHUIS-BANKREKENING betaal word en NIE in die skoolgeldrekening NIE.

BANKBESONDERHEDE:
NEDBANK
Takkode: 198765
Rekening nr.: 112 920 6815
Verwysing: U seun se koshuisrekening-nommer

Neem asseblief kennis dat die nakoming van hierdie finansiële bepalings baie belangrik is. Indien u nie die finansiële verpligtinge nakom nie, sal dit lei tot verdere aksies soos hierbo beskryf.

Vir finansiële navrae of hulp kontak gerus vir Chantelle Gordon:
Kantoor: 051-4441724 Sel: 079 687 8209 Epos: fees@gc.co.za

Karri-toep

Die skool verkies dat ouers/voogde die KARRI-TOEP ("app") sal installeer en gebruik om betalings maak. Die seuns kan ook op hierdie toep "papercut"-kaartjies @ R20 per kaartjie aankoop om van die skool se rekenaars gebruik te maak om navorsing en take te doen, asook om hierdie take te druk.

"MA'S WAT OMGEE"

Die groep, "Ma's wat omgee", kom een keer per week onder die leiding van Joaline Uys in Leith-huis bymekaar. In die somer word daar op 'n Maandagoggend om 07:30 in die Leith-huis Lapa gekuier en in die winter in die voorportaal van die koshuis. Daar word altyd lekker koffie, tee en beskuit bedien. Hierdie is werklik nie 'n skindergroepie nie en geen name word genoem wanneer vir persone wat swaarkry, ingetree word nie.

TEN SLOTTE

Beste ouers/voogde

Dit was u keuse om u seun in die koshuis te plaas. Ons koshuise het streng reëls wat reeds aan u bekend is. Ondersteun ons asseblief en vertrou ons om in die beste belang van u seun op te tree.

Hierdie is 'n belangrike tyd in u seun se lewe, veral wat nuwe verantwoordelikhede en die grootmenslewe wat daarbuite vir hom voorlê, betref. Ons maak staat op u volle samewerking en ondersteuning om ons met hierdie taak te help.

U is meer as welkom om ons te kontak rakende enige bekommernis wat u het ten opsigte van u seun, al voel dit soms of dit onbelangrik of "dom" is. Enige insident in die koshuis wat u seun ontstel, moet ook asseblief aan ons bekend gemaak word. Alle inligting word uiters konfidensieel en sensitief hanteer.

Vriendelike groete

Juan (Bobby) van den Berg
HUISVADER
leith@gc.co.za

"BAIE DANKIE AAN ONS HEMELSE VADER VIR AL SY GOEDHEID EN GUNS."